Publication: RapportEasternCape (Sport)
Publication Date: 09 Jun 2019
Page: 15

AVE: 42528.53
Circulation: 6875
Part: 1 of 1

Tatjana, Zeney lei SA medalje-jag

Ruan Bruwer

Suid-Afrika ruk met 'n span van 148 atlete op na die Wêreld-Studentespele in Italië - vol hoop dat hulle met 'n voller sak medaljes sal terugkeer as twee jaar gelede se vyf silwermedaljes.

Die SA span sal meeding in ses sportsoorte - boogskiet, atletiek, sokker, sewesrugby, swem en tennis.

Die Studente-spele word van 3 tot 14 Julie in Napels, Italië, gehou. Slegs studente jonger as 25 jaar word oorweeg.

In sokker en sewesrugby sal Suid-Afrika deur 'n mans- en vrouespan verteenwoordig word.

Tukkies, met 33 spanlede, het die grootste verteenwoordiging, gevolg deur die Pukke met 23 en die Universiteit van Johannesburg met 16. Die Maties het net vier lede in die span.

Tatjana Schoenmaker, die heersende Statebond-kampioen in die 100 m- en 200 m-borsslag, sal die studente se vlagdraer in Italië wees.

Sy sal hoop om te verbeter op haar tweede plek in die 200 m-borsslag op die Studentespele van 2017. Dié Tukkie het een van Suid-Afrika se vyf silwermedaljes gewen.

Die ander vier silwermedaljes is verower op die atletiekbaan. Een van daardie jaar se medaljewenners, die langasem-Puk Rantso Mokopane, is weer in die span. Onder die 47 atlete tel ook Breyton Poole (2017 se o.18-hoogspring-wêreldkampioen), Kyle Blignaut (gewigstoot) en Zeney van der Walt (400m-hekkies). Laasgenoemde twee is in 2018 as o.20-wêreldkampioene gekroon.

Chederick van Wyk, wat verlede maand as 'n lid van die SA span 'n silwermedalje en 'n nuwe Afrika-rekord in die 4x200-aflos op die Wêreld-aflosbyeenkoms losgehardloop het, sal ook in Italië in aksie wees.

Die grootste naam in die sewesspan is die Blitsbok Kurt-Lee Arendse. Hy het in sy eerste toernooi in die Wêreldsewesreeks in Maart in Vancouver 'n toernooisege gesmaak.

Nathania van Niekerk (rugslag) en Kaylene Corbett (borsslag), twee van die 11 swemmers wat na Italië sal reis, het albei vier medaljes op die senior nasionale kampioenskap in April ingeryg.

Die Studentespele was in die verlede 'n goeie wegspringblok vir sterre soos Schoenmaker, Akani Simbine en Wayde van Niekerk.

Simbine het op dié Spele vier jaar gelede in Suid-Korea die tweede keer in sy loopbaan deur die 10 sekonde-grens gebreek. Sy 9.97 in die 100 m is steeds die Spele-rekord.

Hoewel Van Niekerk, die Olimpiese en Wêreldrekordhouer in die 400 m, nie die eindronde ses jaar gelede in Rusland kon haal nie, was hy 'n lid van die 4x400-span wat brons gewen het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.